READING ACADEMY



BOEK 1

DEKODERING

LEER KINDERS HOE OM TE LEES

10
URE

Al 10 lesse moet voltooi word

Western Cape Government
Education

Funda Wande
Reading for Meaning

Verwelkoming en oriëntasie

Welkom by Funda Wande Reading Academy se Boek 1, die geleidelike-oordrag-model vir die onderrig van lees: vyf KABV-leesaktiwiteite.

Hierdie module bevat vyf leesaktiwiteite wat gebruik word vir die onderrig van die komponente van die leeskurrikulum wat in die KABV vervat is. Hierdie leesaktiwiteite is:
Onderwyser lees hardop Gedeelde lees
Groepbegeleide lees Lees in pare Selfstandige lees

Die onderwyser verminder geleidelik die steiering wat sy in hierdie aktiwiteite aan leerders voorsien terwyl hulle lees, en leerders neem toenemend verantwoordelikheid om selfstandig te lees. Ons noem dit die onderrigmodel vir geleidelike oordrag van verantwoordelikheid. Die model word in die eerste twee lesse behandel.

Daar is 20 lesse in hierdie module en elke module sal ongeveer een uur neem om te voltooi.
Jy behoort die module binne 20 ure te voltooi.

Dis belangrik dat jy die lesse in volgorde doen, aangesien elke les voortbou op die inhoud van die vorige een. Ons moedig jou aan om tydens elke les 'n aktiewe leser te wees.

Elke les het 'n **video('s)** waarna jy moet kyk (klik op 'kyk nou') en 'n **self assessment** wat voltooi moet word.

VIDEO

Kyk nou na video 31: Teaching reading overview

Terwyl jy kyk, dink na:

1. Wat is die drie oorkoepelende komponente waaruit die leesproses bestaan?
2. Waarop fokus die onderwyser om leerders se leesvaardighede te ontwikkel?

KYK NOU

12 mins

VRAE

Gaan jou begrip na: waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Dekodering, begrip en reaksie moet saam onderrig word om seker te maak dat leerders met betekenis kan lees. **Waar of onwaar?**
2. Dis nie meer nodig dat 'n onderwyser klanke in Graad 3 onderrig nie. **Waar of onwaar?**
3. Wanneer onderwysers stories lees en dit na die tyd bespreek, ontwikkel die leerders begrip. **Waar of onwaar?**
4. 'n Onderwyser moet self 'n leser wees sodat hy of sy 'n rolmodel vir die leerders kan wees. **Waar of onwaar?**

Besinning
Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter aspek van die les was vir jou die insiggewendste?
2. Wat doen jy in jou klas om leerders daagliks aan te moedig en te motiveer om te lees?

Antwoorde

Funda Wande Reading for Meaning

Oorsig van die les en onderwerpe

LES 1
Wat is lees? *Bladsy 5*

LES 2
Die groot vyf komponente van lees *Bladsy 7*

LES 3
Wat is fonologiese en fonemiese bewustheid? *Bladsy 11*

LES 4
Die onderrig van fonologiese en fonemiese bewustheid *Bladsy 15*

LES 5
Letter-klank-kennis en klankleer *Bladsy 18*

LES 6
Samevoeging en segmentering (lettergrepe en woorde) *Bladsy 22*

LES 7
Assessering van letter-klank-kennis *Bladsy 25*

LES 8
Die ontwikkeling van woordlees (herkenning) *Bladsy 29*

LES 9
Mondelinge leesvlotheid *Bladsy 33*

LES 10
Assessering van leesvlotheid *Bladsy 38*

Funda Wande Reading for Meaning

Die Funda Wande
READING ACADEMY
Reeks









Om die meeste baat uit hierdie kursus te vind, sorg asseblief dat jy die video's klaar kyk en dat jy elke selfassessering voltooi.

Ons moedig jou aan om deur die loop van die kursus 'n aktiewe leser en kyker te wees. Die assesserings in die kursus help om jou kennis na te gaan – die antwoorde verskyn aan die einde van elke les. Daar sal na afloop van die module 'n finale assessering wees.

Die finale assessering bestaan uit twee toetse en die besonderhede is soos volg:

- Toets 1 word na die voltooiing van Boek 1 en 2 afgelê.
- Toets 2 na die voltooiing van Boek 3 en 4.
- Elke toets duur 1 uur en is in die formaat van veelvuldige keuse.
- 'n Aanlyn skakel vir elke toets sal op die geskeduleerde datum voorsien word.
- Jy sal jou uitslae ontvang deur aan die einde van elke toets op die 'submit'-knoppie te druk.
- Sou jy die toets druip, sal jy 'n tweede kans kry om die toets af te lê en 'n nuwe datum sal daarvoor geskeduleer word.

Ons hoop jy geniet die kursus en vind baat daarby!

Les 1: Wat is lees?

60 mins

Om te leer hoe om met begrip te lees, is die belangrikste akademiese vaardigheid wat enige persoon kan aanleer. Daar kan 'n paar leerders wees wat tuis geleer word hoe om te lees, maar die meerderheid moet op die skoolbanke geleer word. Dit beteken dat hulle grondslagfase-onderwysers die belangrikste onderwysers is wat hulle ooit gaan hê! Met die aanvang van die kursus is dit nuttig dat jy 'n algehele prentjie kry van hoe kinders leer om te lees en wat die beste manier is om hulle te leer lees. Jy sal meer hiervan te wete kom in die modules wat volg.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom dit noodsaaklik is dat kinders in die vroeë grade leer om te lees
- Die drie komponente van lees
- Hoe lees oor die grondslagfase ontwikkel

Wat is lees ?

Daar is drie oorkoepelende komponente betrokke by lees: dekodering, begrip en reaksie.



1. Dekodering behels onder meer:

a) Om die individuele klanke van 'n taal (foneme) te herken.
b) Om die klanke by die letters van die alfabet te pas.
c) Om die kennis van letter-klank-verhoudings te gebruik om woorde, sinne en langer tekste te lees.
d) Om dit vinnig, akkuraat en met gepaste intonasie te doen (mondelinge leesvlotheid).

2. Begrip behels onder meer:

a) Om die betekenis van individuele woorde te ken.
b) Om woorde in sinne te verstaan.
c) Om die verband tussen sinne, paragrawe en langer tekste te verstaan.
d) Om nuwe kennis aan bestaande kennis te koppel.

3. Reaksie behels onder meer:

a) Om sukses te ervaar terwyl jy lees – dit gee jou vertroue in jou vermoë as 'n leser.
b) Om kennis en insig op te doen uit dit wat jy lees.
c) Om gemotiveerd te wees om te lees – dit ontwikkel sodra leerders vertroue het en baie interessante boeke op die regte vlak lees. Leerders word ondersteun as hulle rolmodelle vir lees het.
d) Om te dink oor wat jy lees en met gevoel daarop reageer.

Dit is belangrik dat jy verstaan hoe hierdie drie oorkoepelende komponente (dekodering, begrip en reaksie) saamwerk. Hoewel die eerste stap om te leer lees dekodering is, is die uiteindelik doel van lees om begrip te ontwikkel.

VIDEO

Kyk nou na video 31: Teaching reading overview

12 mins

Terwyl jy kyk, dink na:

1. Wat is die drie oorkoepelende komponente waaruit die leesproses bestaan?
2. Waarop fokus die onderwyser om leerders se leesvaardighede te ontwikkel?



KYK NOU

Die ontwikkeling van lees in die grondslagfase

Lees deur die tabel hier onder om 'n gevoel te kry van hoe die drie elemente van lees (dekodering, begrip en reaksie) oor die drie jare van die grondslagfase opbou. Die tabel bied 'n uiteensetting van die aspekte van lees waarop die onderwyser gewoonlik in die drie grade van die grondslagfase fokus.

Terwyl jy deur die tabel lees, let asseblief daarop dat dit die onderwyser se verantwoordelikheid is om leerders deur die loop van die leesproses aktief te motiveer en aan te moedig. Dit is uiters belangrik dat lees 'n lekker aktiwiteit moet wees wat vir leerders betekenisvol en relevant is.

Graad	Leesvaardighede/-houdings	Hoe dit ontwikkel word	Hoe dit tot lees bydra
R	Fonologiese bewustheid (veral fonemiese bewustheid)	Deur met klanke in rympies, liedjies en speletjies te speel	Help leerders om in Graad 1 te dekodeer
	Kennis van die alfabet	Deur blootstelling aan gedrukte teks; deur te leer hoe om letters speel-speel te vorm	Help leerders om in Graad 1 te dekodeer
	Woordeskat	Deur te gesels, te luister na stories wat hardop gelees word, vrae te beantwoord en oor tekste te praat	Help leerders om met begrip in Graad 1, 2 en 3 te lees
	Motivering om te lees	Deur lees lekker te maak; onderwyser as rolmodel	Help leerders om responsiewe lesers in die grondslagfase te wees
1	Fonologiese bewustheid (veral fonemiese bewustheid)	Deur leerders te onderrig hoe om individuele klanke te hoor	Ondersteun dekodering
	Klankleer	Deur letter-klank-verhoudings te onderrig (enkelletters en 'n paar dubbelklanke)	Ondersteun dekodering
	Woordeskat	Deur blootstelling aan ryk taal en die onderrig van woordeskat tydens gedeelde lees; woordmure, ens.	Ondersteun begrip
	Leesbegrip	Deur vrae voor, tydens en na lees te vra	Ondersteun begrip
	Motivering om te lees	Deur leerders se ervaring van lees suksesvol en lekker te maak	Moedig responsiewe lees aan
2 en 3	Klankleer	Deur letter-klankverhoudings te onderrig (dubbel- en drieklanke)	Ondersteun dekodering
	Leesvlotheid	Herhaalde oefening (lees in pare)	
		Ondersteun dekodering en begrip	
	Woordeskat	Blootstelling en direkte onderrig en assessering van woordeskat	Ondersteun begrip
	Leesbegrip	Deur vrae voor, tydens en na lees te vra	Ondersteun begrip
	Motivering om te lees	Deur leerders se ervaring van lees suksesvol en lekker te maak	Moedig responsiewe lees aan

VRAE

Gaan jou begrip na: waar of onwaar?

Antwoorde

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Dekodering, begrip en reaksie moet saam onderrig word om seker te maak dat leerders met betekenis kan lees. **Waar of onwaar?**

2. Dis nie meer nodig dat ’n onderwyser klanke in Graad 3 onderrig nie. **Waar of onwaar?**

3. Wanneer onderwysers stories lees en dit na die tyd bespreek, ontwikkel die leerders begrip. **Waar of onwaar?**

4. ’n Onderwyser moet self ’n leser wees sodat hy of sy ’n rolmodel vir die leerders kan wees. **Waar of onwaar?**

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter aspek van die les was vir jou die insiggewendste?

2. Wat doen jy in jou klas om leerders daagliks aan te moedig en te motiveer om te lees?

Welgedaan! Jy het Les 1 voltooi.

Les 2: Die groot vyf in die onderrig van lees

60 mins

Welkom terug.

Jy sal in hierdie les die “groot vyf” in die onderrig van lees verken. Om te praat, kom vanself, maar dis nie die geval met lees nie. ’n Mens moet leer hoe om te lees. En die onderrig van lees moet stelselmatig en georden wees. Navorsing toon dat ons die volgende vyf aspekte (die “groot vyf”) eksplisiet moet onderrig:

Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom motivering belangrik is
- Die **groot vyf** in die onderrig van lees:
  1) Fonemiese bewustheid
  2) Klankleer
  3) Woordeskat
  4) Vlotheid
  5) Begrip

VIDEO

Kyk na video 25: Big Ideas in Reading

11 mins

Terwyl jy kyk, dink na:

Hoe hou die groot vyf met dekodering, begrip en reaksie verband?

KYK NOU

Die ontwikkeling van lees oor die grondslagfase

Kyk weer na die tabel in Les 1 wat aantoon hoe lees oor die grondslagfase ontwikkel. Let op die aspekte waarop die onderwyser in die verskillende grade van die grondslagfase konsentreer. Onthou: Wanneer leerders begin skoolgaan, is hulle geneig om in verskillende fases van leesontwikkeling te wees. Sommige leerders sal goed ontwikkelde fonemiese bewustheid en woordeskat hê, en sommige sal bewus wees van gedrukte teks en alfabetiese kennis hê. Maar daar kan diegene wees wat nie een van die voorgemelde het nie.

QUIZ

Check your understanding: Multiple choice

Kyk weer na video 25 om hierdie vrae te beantwoord. Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. **Die onderwyser vra Zintle om die trom te slaan om haar te help om:**
   a) te hoor dat daar twee slae (lettergrepe) in haar naam is
   b) te hoor dat haar naam met 'n "z"-klank begin
   c) die skakel tussen die "z"-letter en die klank "z" raak te sien.

2. **Wanneer klankleer onderrig word, is die fokus daarop:**
   a) om die kind te help om die klank te hoor
   b) om die kind te help om die skakel tussen die vorm van die letter en die klank van die letter raak te sien
   c) om die kind te help om die letter neer te skryf.

3. **Vlotheid verwys na:**
   a) Leesspoed en -intonasie
   b) Leesakkuraatheid
   c) Sowel a) as b).

Antwoorde

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Wat het jy in die video gesien wat jy graag in jou klaskamer sou wou doen?
2. Die groot vyf: Is daar enige een waaroor jy nog inligting benodig?

Welgedaan! Jy het Les 2 voltooi.

Ons sal in die volgende lesse elk van die groot vyf deeglik deurwerk – eerstens die komponent dekodering wat fonologiese en fonemiese bewustheid, klankleer en vlotheid behels.

Les 3: Wat is fonologiese en fonemiese bewustheid?

60 mins

Welkom terug.

Wanneer ons leer om te lees, bou ons voort op die kennis wat ons reeds van die gesproke taal het. Maar ons skenk nie gewoonlik aandag aan die individuele klanke in spraak nie. Ons moet dus ontluikende lesers help om na die individuele klanke in gesproke woorde te luister sodat hulle die klanke by letters kan pas wanneer hulle lees en skryf.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom dit so belangrik is om leerders te onderrig hoe om klanke te hoor en te herken
- Wat fonemiese bewustheid behels
- Waarom die onderrig van fonologiese bewustheid kritiek vir die ontwikkeling van leesvaardighede is
- Wanneer om oefeninge oor fonologiese en fonemiese bewustheid met leerders te doen

VIDEO

Kyk na video 42: Phonological awareness & Phonemic awareness

4 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Wat is die verskil tussen fonologiese en fonemiese bewustheid?
2. Wanneer is dit die belangrikste om op die ontwikkeling van hierdie bewustheid te fokus?



KYK NOU

Fonologiese bewustheid

Fonologiese bewustheid is om bewus te wees van die **klanke in spraak.** Dit gaan oor die klanke wat ons **in gesproke taal** hoor en nie hoe ons daardie woorde skryf nie.
Fonologiese bewustheid is ’n “sambreelterm” want dit dek verskillende aspekte van bewustheid van die klankstelsel in ’n taal.

Wanneer leerders fonologiese bewustheid het, kan hulle:

a) **individuele woorde** in die stroom van spraak **onderskei** (hulle weet byvoorbeeld dat imini yonke twee woorde is en nie een aaneenlopende woord nie).
b) **woorde met soortgelyke klanke herken,** soos rymwoorde in Engels en alliterasie in isiXhosa (bv. The fat cat sat on the mat en USindiswa ususa isele).
c) **lettergrepe in woorde identifiseer** (bv. Kakuhle het drie lettergrepe, ka + ku + hle).
d) **individuele klanke in spraak herken** (hulle weet byvoorbeeld dat /t/, /ts/ en /tsh/ drie verskillende klanke is).
e) **verskillende klanke in woorde herken en manipuleer** (bv. hulle herken dat die eerste klank in dada /d/ is, maar dat in dlala die eerste klank /dl/ is. Die klank aan die einde van albei woorde is /a/).



Fonemiese bewustheid

Fonemiese bewustheid is ’n spesifieke deel van fonologiese bewustheid. Dit is die vermoë om **individuele klanke** in woorde te herken en om **hierdie klanke te manipuleer.**

’n Kind met fonemiese bewustheid kan:

a) **klanke afsonder** of individuele klanke in woorde onderskei (weet dat die woord “kat” opgemaak word uit drie letterklanke, /k/, /a/ en /t/).
b) **klanke weglaat** of uit woorde verwyder (weet dat as mens die klank /te/ uit “katte” verwyder, dan word dit “kat”).
c) klanke met ander **klanke vervang** (as mens die klank /k/ in “kat” met die klank /m/ vervang, dan word dit “mat”).
d) klanke met ander **klanke saamvoeg** (as mens die klank /l/ na die /k/ in “kap” byvoeg, dan word dit “klap”).

Waarom fonemiese bewustheid belangrik is

1 Dit is noodsaaklik vir lees en skryf dat afsonderlike klanke in taal gehoor word: In tale met ’n alfabetiese skryfstelsel, stel letters klanke voor. Dit is dus belangrik dat leerders afsonderlike klanke in woorde kan hoor sodat hulle lettersimbole en klanke by mekaar kan pas om geskrewe woorde te lees. Die ontwikkeling van fonologiese bewustheid en fonemiese bewustheid help hulle om dit te doen. Leerders wat nie oor hierdie bewustheid beskik nie, sukkel om te leer lees.

2 Die manipulering van klanke is belangrik vir lees en skryf: Wanneer leerders fonemiese bewustheid het, kan hulle klanke manipuleer deur dit saam te voeg (die klanke te meng) of deur woorde in klanke op te breek (te segmenteer).

3 Dit verbind ouditiewe en visuele taal in die brein: Die ontwikkeling van leerders se fonologiese en fonemiese bewustheid help om ’n brug in die brein te vorm wat die ouditiewe persepsie van taal (mondelinge taal) en die visuele persepsie van taal (geskrewe taal) verbind. Dit word in verskillende dele van die brein verwerk en dit is dus belangrik dat hierdie verskillende dele van die brein in die vroeë ontwikkeling van geletterdheid verbind word.



Wanneer onderrig ek fonologiese en fonemiese bewustheid?

1 **In Graad R en vroeg in Graad 1:** Met goeie onderrig hoort leerders teen die middel van Graad 1 fonologiese en fonemiese bewustheid te hê, wat beteken dat jy dan net tyd daaraan hoef te bestee met die leerders wat ekstra hulp nodig het.

2 **Die hele dag deur:** Soek na geleenthede om regdeur die dag op klanke en die manipulering van klanke te fokus. Jy kan dit doen wanneer jy ’n nuwe woord bekendstel – in alle leerareas. Skep geleenthede om te oefen wanneer leerders op die mat, in klein groepe en individueel werk.

3 **In kort, vinnige aktiwiteite:** Aktiwiteite vir fonologiese bewustheid moet kort maar teen ’n vinnige tempo wees. MOENIE 15 minute aan fonologiese bewustheid bestee sonder dat daar enige ander leerdoelwit is nie.

4 **In HT en in EAT:** Fonologiese bewustheid kan na alle tale oorgedra word. As leerders dit in die huistaal kan doen, sal dit vir hulle makliker wees om in eerste addisionele taal te doen.

VRAE

Gaan jou begrip na: waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Fonologiese bewustheid beteken dat iemand bewus raak van die klankstelsel van 'n taal. **Waar of onwaar?**
2. Fonemiese bewustheid maak deel uit van fonologiese bewustheid. **Waar of onwaar?**
3. Fonologiese bewustheid is om individuele klanke in 'n woord te kan manipuleer. **Waar of onwaar?**
4. Fonologiese bewustheid word in Graad 3 onderrig. **Waar of onwaar?**
5. Fonemiese bewustheid is noodsaaklik vir lees en skryf. **Waar of onwaar?**

Besinning
Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Besin oor wat jy verstaan met die idee dat leerders klanke kan manipuleer.
2. Besin oor hoe belangrik dit is om leerders te help om die verskil tussen letters, letterklanke, lettergrepe en woorde te ken.

Antwoorde

Welgedaan! Jy het Les 3 voltooi.

Les 4: Die onderrig van fonologiese en Die onderrig van

60 mins

Welkom terug.

Jy het van fonologiese bewustheid en fonemiese bewustheid geleer. Nou kyk ons hoe jy **hierdie vaardighede** aan jou leerders **onderrig**. Onthou dat fonemiese bewustheid onder die breër sambreelterm van fonologiese bewustheid val.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Hoe om leerders van fonologiese en fonemiese bewustheid te leer
- Die gebruik van leerders se name om klankbewustheid te ontwikkel
- Die oefening van klankmanipulasie (isoleer, verwyder, vervang)
- Hoe om fonologiese bewustheid te assesseer

VIDEO

Kyk na video 26: Teaching Phonological and Phonemic awareness

9 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Wat is die verskil tussen fonologiese en fonemiese bewustheid?
2. Hoe gebruik die onderwysers gebare om leerders te wys dat hulle na die klanke in die woorde moet luister?

KYK NOU

Help leerders om klanke en lettergrepe te manipuleer

Ons sê dat leerders klanke kan manipuleer wanneer hulle die volgende kan doen: lettergrepe en klanke in woorde kan identifiseer, verwyder en vervang.

Hier is 'n paar voorstelle om leerders te kry om dit te doen:

a) Sê vir hulle dat julle speletjies met woorde en klanke gaan speel en snaakse woorde gaan maak wat nie eens bestaan nie!
b) Laat die leerders na die woord **"baleka"** luister en dit agter jou **aansê**: (baleka).
c) Vra hulle om die lettergrepe in "ba-le-ka" te **klap** en te tel hoeveel daar is: (drie).
d) Vra hulle om baleka sonder die "ba-" te **sê** (sonder die eerste lettergreep): (-leka).
e) Sê nou baleka sonder die "b-" (sonder die eerste klank): (-aleka).
f) Vra hulle om baleka sonder die "ka-" te **sê** (sonder die laaste lettergreep): (bale-).
g) **Sê** nou baleka sonder die "-a" aan die einde (sonder die laaste klank): (balek-).
h) Vra hulle om dit sonder "-le-" te **sê** (sonder die middelste lettergreep): (ba-ka).
i) Vra hulle om baleka sonder die "ba-" te sê en dit dan met "ma-" in plaas van "ba-" te sê (vervang die eerste lettergreep) (maleka), met "da-" in plaas van "ba-" te sê (daleka), en dan met "wa-" in plaas van "ba-" te sê (waleka).

Hoewel die aktiwiteite hier bo daagliks met die hele klas gedoen moet word, is dit belangrik om tyd in te span om gereeld elke individuele kind se fonologiese bewustheid na te gaan. Dit kan mondelings en vinnig met elke leerder gedoen word. Verwys na die kontrolelys hier onder om te sien hoe jy die uitslae van elke kind kan assesseer en opteken.

Hierdie assessering word hoofsaaklik in Graad R gedoen. Dit sal daarna waarskynlik net nodig wees vir 'n paar leerders wat dalk sukkel.

Gee regstellende terugvoering: As 'n leerder verkeerd antwoord en dit nie begryp nie, moet jy altyd die regte antwoord modelleer. Wees geduldig en vriendelik – moenie vies raak of ongeduldig wees nie, want dit sal hindernisse tot leer skep.

'n Hulpmiddel om fonologiese bewustheid op te teken

Leerders kan die volgende MONDELINGS doen:	Aviwe	Kungawo	Zintle	Kind se naam	Kind se naam	Kind se naam	Kind se naam
Identifiseer eerste klank in naam / werkwoord	x	x	x	x		x	
Klap lettergrepe in woord	x	x	x				
Verwyder eerste lettergreep in woord							
Vervang eerste lettergreep in woord							
Verwyder laaste lettergreep in woord							
Vervang laaste lettergreep in woord							
Breek lettergrepe in verskillende klanke op							
Voeg klanke saam om lettergrepe te vorm							
Voeg lettergrepe saam om woorde te vorm							

QUIZ

Gaan jou begrip na: meng en pas

Pas die **aktiwiteit in kolom A** by die v**aardigheid wat daardeur ontwikkel word in kolom B.** Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

A/ AKTIWITEIT	**B**/ VAARDIGHEID
1 Zintle slaan die lettergrepe in haar naam op 'n trom.	a. Identifying words within a sentence (phonological awareness).
2 Die onderwyser vra watter klank in die drie name verskillend is: ASANDA, AMANDA en AYANDA.	b. Substituting (replacing) the first sound with a new letter sound (phonemic awareness).
3 Die onderwyser vra leerders om die eerste klank in BALA met 'n L te vervang.	c. Isolating a sound within a word (phonemic awareness).
4 Die onderwyser sê die sin, "Zola hardloop na die bus". Sy herhaal die sin en vra dan die klas hoeveel woorde hulle gehoor het.	d. Syllabification – breaking a word into syllables (phonological awareness)

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter aspekte van die les oor fonologiese bewustheid was vir jou iets nuuts? (isolering van klanke, verwydering, vervanging, vorming van lettergrepe, rym, samevoeging, segmentering)
2. Hoe kan 'n Graad R-/1-onderwyser fonologiese bewustheid by die daaglikse klaskamerpraktyk insluit?

Antwoorde

Welgedaan! Jy het Les 4 voltooi.

Les 5: Letter-klank-kennis en klankleer

60 mins

Welkom terug.

Ons het gepraat oor hoe belangrik dit is dat leerders klanke moet kan identifiseer en manipuleer. Maar vir leerders om gedrukte teks te lees, moet hulle weet hoe hierdie klanke geskryf word. Hulle moet leer watter letters met watter klanke ooreenstem. **Klankleer** is die onderrig van letter-klank-kennis en hoe om dit te gebruik om woorde te lees.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarna klankleer verwys
- Waarom klankleer belangrik is
- Klankleer in isiXhosa, Afrikaans en Engels
- Hoe om klankleer eksplisiet en stelselmatig te onderrig

Die onderrig van letter-klank-verhoudings

Onderwysers moet leerders eksplisiet leer wat die verhouding is tussen die lettersimbool en die klank wat dit maak. Laat ons kyk hoe 'n Graad R-onderwyser die simbool vir die letter "b" onderrig en dan kyk ons hoe 'n Graad 1-onderwyser letter-klank-verhoudings onderrig.

VIDEO

Kyk na video 95: Letter-sound knowledge

5 mins

1. Hoe help hierdie Graad R-onderwyser die kinders om die letter en die klank te verbind?
2. Word al die kinders by hierdie aktiwiteit betrek en vind hulle baat daarby?

KYK NOU

VIDEO

Kyk na video 96: Introduction to letter sound relationships

7 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Hoe onderrig hierdie Graad 1-onderwyser letter-klank-verhoudings?
2. Word al die kinders by hierdie aktiwiteite betrek en vind hulle baat daarby?

KYK NOU

Waarom is dit belangrik om klankleer te onderrig?

1. **Al die leerders vind baat** by die eksplisiete onderrig van klankleer, veral diegene wat met lees sukkel en wat sukkel om te leer.
2. **Dit vestig die alfabetiese begrip.** (Die insig dat letters in geskrewe taal die klanke van taal voorstel.)
3. **Dit help leerders om nuwe woorde wat hulle nie voorheen teëgekom het nie, te dekodeer.** Dit is baie bemagtigend.
3. **Dit bevorder sukses in lees en skryf.**
3. **Klankleer is noodsaaklik maar nie genoeg nie:** Ons moet ook op begrip en reaksie fokus.

Hoe om klankleer te onderrig

1. **Onderrig dit eksplisiet en stelselmatig,** volgens ’n beplande volgorde en tempo. Moenie dit aan die toeval oorlaat dat leerders al die letterklanke sal leer nie. Sonder die eksplisiete onderrig van klankleer sal baie leerders nie hierdie kennis opdoen nie of hulle sal dit te stadig leer.

2. **Gebruik die geleidelike-oordrag-model**. Modelleer eers die letter-klank-verhouding vir die leerders (ek doen), doen dit dan saam met hulle (ons doen), en vra dan individuele leerders (jy doen). Die volgorde is: Ek doen → ons doen → jy doen.

3. **Onderrig dit elke dag in ’n toegewyde periode en maak tyd om klanke te oefen.** Die KABV ken 15 minute per dag vir klankleer toe, maar jy kan deur die dag ekstra oefeninge gee, ook terwyl jy met klein leesgroepe besig is.

4. **Sluit multisensoriese aktiwiteite in.** Laat leerders hul liggaam, gebare, ore, oë en stem gebruik. Laat hulle met verskillende soorte skryftoerusting werk. Sluit liedjies en beweging in. Om samevoeging te onderrig, gebruik aksies om te wys hoe die afsonderlike klanke bymekaar kom.

5. **Werk met enkele klanke asook lettergrepe.** Sorg dat leerders enkele letterklanke asook lettergrepe kan herken. Dit is vir hulle belangrik om die verskillende letters waaruit ’n lettergreep bestaan, te kan onderskei.

6. Sorg dat leerders die letterklanke vinnig en akkuraat kan onderskei – in enige volgorde waarin jy dit voorstel. Hulle moet die klank kan sê wanneer jy die letter vir hulle wys en die letter kan skryf wanneer jy die klank sê.

7. **Leer hulle wat samevoeging is.** Maak seker dat die leerders klanke kan saamvoeg. Dit is die samevoeging van enkele lettergrepe met klinkers en medeklinkers, asook die samevoeging van lettergrepe om woorde te vorm.

8. **Versterk met skryfwerk of woordbou – gebruik letterkaarte.** Maak seker dat die leerders die letters en woorde neerskryf wat hulle leer. Lees- en skryfwerk versterk mekaar. Leerders moet ook woorde met behulp van letterkaarte bou.

9. **Moenie betekenis afskeep nie.** Maak seker dat die leerders weet wat die betekenis is van die woorde wat hulle dekodeer. Dit is moeiliker vir leerders om woorde te dekodeer wat hulle nie verstaan nie.

VRAE

Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Klankleer verwys na die onderrig van letter-klank-kennis. **Waar of onwaar?**

2. Fonologiese bewustheid help leerders om klanke te hoor en identifiseer, terwyl klankleer hulle help om die geskrewe letter en die klank wat dit voorstel, te herken. **Waar of onwaar?**

3. Leerders moet almal in klankleer onderrig word, ongeag die taal wat aangeleer word. **Waar of onwaar?**

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Verstaan jy die verskil tussen die onderrig van fonologiese bewustheid en klankleer?
2. Gebruik jy die geleidelike-oordrag-metode wanneer jy klankleer onderrig? [“Ek doen” (onderwyser modelleer; “Ons doen” [hele klas saam met my) en “Jy doen” (leerders).]

Antwoorde

Welgedaan! Jy het Les 5 voltooi.

Les 6: Samevoeging en segmentering

60 mins

In die vorige lesse was die fokus op enkele letterklanke. Hierdie les fokus daarop om leerders te leer hoe om letters saam te voeg om lettergrepe te vorm en lettergrepe om woorde te vorm.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Samevoeging van letters en lettergrepe
- Speletjies en aktiwiteite om leerders aan te moedig om saam te voeg en te segmenteer (sowel lettergrepe as woord)

VIDEO

Kyk na video 145: Blending letters to form syllables

10 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Watter aktiwiteite doen leerders om lettergrepe of woorde te segmenteer (op te breek)?
2. Watter aktiwiteite doen hulle om saam te voeg (op te bou)?
3. Hoekom is oefening van samevoeging en segmentering waardevol?

KYK NOU

VIDEO

Kyk na video 93: Building words from syllable cards

4 mins

Die onderwyser doen aktiwiteite met die leerders om woorde uit lettergrepe te bou

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Hoe steier en ondersteun die onderwysers die leerders om lettergrepe terug bymekaar te sit om woorde te bou?
2. Hoe gee sy terugvoering?

KYK NOU

VRAE

Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Antwoorde

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Die onderwyser moet die kinders wys hoe 'n lettergreep in afsonderlike letters afgebreek kan word, en dan weer hoe hierdie letters saamgevoeg word om weer die lettergreep te vorm. Waar of onwaar?

2. Die onderwyser moet altyd die lettergrepe in dieselfde volgorde wys (bv. ba, be, bi, bo, bu). Waar of onwaar?

3. Die onderwyser moet die terminologie van klankleer (bv. segmentering, lettergrepe, samevoeging) met die leerders gebruik. Waar of onwaar?

4. Die vermoë om saam te voeg en te segmenteer is baie belangrik wanneer daar geleer word om te lees. Waar of onwaar?

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter aktiwiteite doen jy met die hele klas en met individue en klein groepe om leerders te ondersteun om te leer hoe om woorde te segmenteer en om letters en lettergrepe in woorde saam te voeg?
2. Gaan jy na dat jou leerders lettergrepe vinnig en reg kan herken?

Welgedaan! Jy het Les 6 voltooi.

Les 7: Assessering van letter-klank-kennis

60 mins

Welkom terug.

Hierdie les behels die assessering van klankleer. Kennis van letterklanke moet "vingerpunt"-kennis word. Dit is belangrik dat die onderwyser weet watter leerders steeds sukkel om letters en klanke bymekaar te pas en om haar onderrig aan te pas om daardie leerders te help.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom dit belangrik is om letter-klank-kennis te assesseer
- 'n Paar idees om letter-klank-kennis informeel te assesseer
- Formele assessering van letter-klank-kennis

Informele letter-klank-assessering

Ons begin met informele assessering van letter-klank-kennis. Voordat jy die video kyk, neem kennis van hierdie belangrike drie punte:

Doen gereelde assessering:

a) Gee leerders die klanke en vra hulle om dit neer te skryf.
b) Wys hulle die letters en vra hulle om te sê watter klanke hulle voorstel.
c) Let op watter soort foute hulle met letterklanke maak wanneer hulle woorde en sinne lees.
d) Let op watter leerders spelling self uitdink – watter klanke reg of verkeerd by letters gepas word.

Let op vir spoed en akkuraatheid:

a) Leerders moet in staat wees om letterklanke vinnig en akkuraat te sê in enige volgorde wat jy dit aanbied.
b) Hulle moet ook letterklanke vinnig en akkuraat in woorde identifiseer.

Onderrig weer en oefen gereeld:

a) Onderrig weer die klanke wat leerders sukkel om te herken.
b) Gee die leerders baie oefening – gebruik verskillende metodes.

VIDEO

Kyk na video 110: Letter-sound recognition

6 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Waarom is dit belangrik dat leerders die letters vinnig, akkuraat en in enige volgorde kan herken?

2. Hoe assesseer die onderwyser die leerders informeel?

KYK NOU

VRAE

Gaan jou begrip na: Veelvuldige keuse

In video 110:

1. **Watter van die volgende doen die onderwyser om leerders se letter-klank-kennis informeel te assesseer? Kies al die korrekte antwoorde.**
   a) Sy wys lukraak na die letters op die alfabet-fries en laat hulle die letterklank uitroep.
   b) Sy wys lukraak na die letters op die alfabet-fries en laat hulle die letterklank uitroep.
   c) Sy gee vir elke leerder letterkaarte en wanneer sy die letterklank uitroep, moet hulle haar wys watter letter sy genoem het.

2. **Waarom wys die onderwyser in 'n lukrake volgorde na die letters op die alfabet-fries?**
   a) Om die leerders te verwar.
   b) Om die leerders te flous.
   c) Om seker te maak die leerders ken regtig die letters en het dit nie net in die volgorde van die alfabet geleer nie.

Antwoorde

Funda Wande Reading for Meaning

Formele letter-klank-assessering

VIDEO

Kyk na video 112: Formally assessing letter-sounds

3 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Waarom is daar 'n tydsbeperking vir hierdie formele assessering?

2. Wat doen die onderwyser tydens hierdie assessering?



KYK NOU

Belangrik om op te let

1. Die onderwyser assesseer een kind op 'n slag, by haar lessenaar.

2. Die leerder moet van links na regs lees.

3. Die kaart bevat lukrake letters – in kleinletters én in hoofletters. Daar is enkele letters en twee- en drieklanke

4. Die leerder kry een minuut om soveel letterklanke as moontlik te voltooi.

5. As die leerder nie weet wat 'n letter is nie, moet hy of sy na die volgende letter aanbeweeg.

6. Die aantal letterklanke wat reg is, word aangeteken. Die onderwyser maak 'n nota van watter leerders bykomende hulp nodig het.

7. Terwyl die leerder geassesseer word, is die res van die klas besig met werk wat vir hulle gegee is.

8. 'n Leerder behoort teen die einde van Graad 1 ongeveer 40 letters in een minuut reg te klank.

Funda Wande Reading for Meaning

VRAE

Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Antwoorde

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Die onderwyser moet sowel formele as informele toetsing van klankleer doen. Waar of onwaar?

2. Formele assessering van letter-klank-kennis moet op 'n individuele grondslag gedoen word. Waar of onwaar?

3. Formele letter-klank-assesserings hoef nie 'n tydsbeperking te hê nie. Waar of onwaar?

4. Die onderwyser moet 'n rekord hou van elke leerder se uitslae sodat vordering gemeet kan word. Waar of onwaar?

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Dink aan twee dinge wat jy in hierdie les oor assessering geleer het.

2. Dink aan die hulpbronne wat jy kan maak om jou te help om letter-klank-kennis gereeld in jou graad te onderrig en te assesseer.

Well done, you have completed Lesson 7

Les 8: Die ontwikkeling van (woordherkenning)

60 mins

Ons kyk in hierdie les na die belangrikheid van sigwoorde en die ontwikkeling van vinnige woordlees. As woorde vanaf flitskaarte of lyste gelees word, word dit nie van die leser vereis om vir betekenis te lees nie. Die lees van individuele woorde moet dus nooit die hooftipe lees wees wat leerders doen nie. Dit gee egter die leerders die geleentheid om te oefen hoe om woorde vinnig en akkuraat te lees.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Wat word met woordlees/-herkenning bedoel
- Die belangrikheid van sigwoorde
- Vinnige woordherkenning
- Maniere om woordlees te verbeter
- Die belangrikheid van gereelde leesoefeninge
- Woordlees tydens gedeelde en groepbegeleide lees

Woordlees

Wat is woordlees en waarom is dit belangrik?

Woordherkenning (of woordlees) is die vermoë om 'n geskrewe woord outomaties en onbewustelik te herken en te skryf – 'n resultaat van leesoefening.

Outomatiese en akkurate woordherkenning bevry die brein sodat die leser op betekenis kan fokus. Om woorde vinnig te herken (sonder om elke lettergreep deeglik te dekodeer), lei tot mondelinge leesvlotheid.

Kyk na die diagram van die huis. Let op die rol van woordherkenning wanneer spoed en akkuraatheid vir leesvlotheid ontwikkel word.

Sigwoorde

'n Belangrike aspek wanneer daar geleer word om vinnig en akkuraat te lees, is die gebruik van sigwoorde.

a) "Sigwoorde" word gebruik om te verwys na lyste hoë-frekwensie=woorde wat leerders vinnig en akkuraat kan leer om te herken.
b) Dit beteken hulle moet die woord as 'n geheel herken en hoef dit nie letter vir letter te dekodeer nie.
c) Leerders moet elke dag oefen om sigwoorde te lees (met flitskaarte en lyste).
d) Sigwoorde is veral belangrik in Engels, aangesien daar baie sleutelwoorde is wat nie maklik gedekodeer kan word nie, soos "the", "their", "although", ens..
e) Sigwoorde is minder belangrik in isiXhosa, maar dis nog steeds nuttig vir leerders om kort, hoë-frekwensie-woorde vinnig te herken, sonder om dit lettergreep vir lettergreep te lees (bv. ukuba, kokuba, kwakhuko, kwathi, phezulu, ngaphakathi, ngoku, yonke/bonke, wakhe/lakhe).
f) Daar is baie speletjies en aktiwiteite wat die onderwyser kan gebruik om seker te maak dat woordherkenning lekker en aktief is.

VIDEO

Kyk nou na video 109: Word recognition Part 1: Word reading in Shared Reading

10 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Hoe word flitskaarte gebruik om woordherkenning te ontwikkel?
2. Hoe word die woordmuur gebruik om woordherkenning te ontwikkel?

KYK NOU

Oefen, oefen ...

Die lees van woorde hoef nie vervelig en meganisties te wees nie. Onderwysers kan dit 'n prettige aktiwiteit maak, en leerders vind dit dikwels motiverend om te sien hoe hul woordleesvaardighede mettertyd verbeter.

Hier is 'n paar voorbeelde van speletjies om woordlees te oefen.

1. **Ruilwinkel:** Dit is 'n aktiwiteit wat deur die onderwyser gelei word. Jy benodig twee identiese stelle sigwoordkaarte (een kaart per leerder) en 'n lys van die woorde vir jouself. Gee elke leerder 'n kaart. Die onderwyser lees 'n woord voor. Leerders moet vinnig hul woorde lees en leerders wat die woord het wat die onderwyser gelees het, moet vinnig plekke omruil.

2. **Bingo:** Vir 'n ander onderwyser-geleide aktiwiteit, benodig die onderwyser 'n lys van al die woorde. Maak Bingo-kaarte (een per leerder) met sigwoorde daarop – daar moet 'n verskillende stel woorde op elke kaart wees. Vir Graad 1 kan daar net ses woorde op 'n kaart wees en in hoër grade kan daar nege of meer woorde wees. Elke leerder kry 'n kaart en 'n paar merkers (bv. gedroogde boontjies). Die onderwyser lees 'n woord voor en die leerders kyk na hul kaarte om te sien of die woord op hul Bingo-kaart verskyn. As dit wel verskyn, plaas hulle 'n merker op die woord. Die eerste speler wat 'n merker op elke woord op sy of haar kaart het, skree "Bingo" en wen die speletjie.

3. **Geheue:** Kies vyf tot tien hoë-frekwensie-woorde. Maak twee kaarte vir elke woord. Spelers speel in pare. Hulle plaas die kaarte onderstebo op die tafel. Hulle neem beurte om die twee kaarte om te draai en die woorde te lees. As die kaarte bymekaar pas, kan hulle dit hou. As hulle nie bymekaar pas nie, draai hulle die kaarte weer op dieselfde plek om. Die ander speler kan onthou waar elke woord was om sy of haar kanse te verbeter om 'n bypassende paar te kry. Die wenner is die een met die meeste kaarte.

4. **Gaan Vis:** Maak twee kaarte met 20 hoë-frekwensie-woorde elk. Twee tot vier spelers kan die speletjie speel. Deel ses kaarte aan elke speler uit en sit die res onderstebo in 'n stapel op die tafel. Spelers hou hul kaarte sodat die ander dit nie kan sien nie. Die doel is om pare woorde te maak. Speler A vra vir Speler B of hy/sy woord X het, om te probeer om die maat vir een van sy/haar eie kaarte te vind. As Speler B die kaart het, gee hy/sy dit aan Speler A. Indien nie, sê B vir A om te "Gaan vis" en Speler A moet dan die boonste kaart van die stapel op die tafel neem. As 'n speler twee van dieselfde kaarte het, sit hy/sy dit op die tafel neer. Die wenner is die eerste een wat geen kaarte in sy of haar hand oor het nie.

5. **Snap:** Maak twee stelle kaarte vir 30 hoë-frekwensie-woorde. Dit is 'n speletjie vir twee spelers. Skommel die kaarte en deel dit uit aan die spelers. Die spelers draai terselfdertyd die boonste kaart in hul stapel om en lees die woord hardop. Wie ook al twee identiese woorde sien, sê Snap! Hulle hou die twee kaarte. Die wenner is die een met die meeste kaarte.

6. **Bordspeletjies:** Gebruik 'n bord met woorde of prente daarop. Elke speler het 'n merker nodig. Gooi 'n dobbelsteen, skuif die ooreenstemmende aantal plekke en lees die woord. Vir speletjies met prente, as hulle op 'n prent beland, moet hulle die woord spel of skryf.



Gebruik Wordworks-speletjies hiervoor of maak jou eie. Laai die ruspe-speletjie, die slang-speletjie of die slak-speletjie af by http://www.wordworks.org.za/games-2/ (jy kan ook kyk na video's van leerders wat die speletjies speel)

VRAE

Gaan jou begrip na: Veelvuldige keuse

Antwoorde

1 Woordlees verwys na:
a) Samevoeging van klanke saam om lettergrepe te vorm.
b) Om woorde vinnig en akkuraat te herken en te lees.
c) Om die betekenis van woordeskat te verstaan.

2 Om woorde vinnig te kan lees, is belangrik want:
a). Dit versterk fonemiese bewustheid.
b) Dit verbeter mondelinge leesvlotheid.
c) Dit ontwikkel woordeskatkennis.

3 'n Hoë-frekwensie-woord is
a) 'n Woord wat moeilik is om te verstaan.
b) 'n Woord wat dikwels in tekste gebruik word.
c) 'n Woord wat nie gedekodeer kan word nie.

4 Sigwoorde is:
a) Woorde wat nie in isiXhosa voorkom nie.
b) Woorde wat ons leer herken sonder om elke foneem op te sê.
c) Woorde wat ons met behulp van letter-klank-kennis dekodeer.

Besinning
Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1 Hoe dikwels gebruik jy speletjies in jou klaskamer om vaardighede te versterk?

2 Stuur jy sigwoorde huis toe saam met leerders om tuis te oefen om dit te lees?

Well done, you have completed Lesson 8

Les 9: Mondelinge leesvlotheid

60 mins

Mondelinge leesvlotheid verwys na die vermoë om 'n teks vinnig en akkuraat te lees, met gepaste intonasie en gevoel. Hierdie soort lees klink natuurlik, soos gesproke taal.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Die drie komponente van mondelinge leesvlotheid
- Die belangrikste skakel tussen begrip en vlotheid
- Hoe vlotheid onderrig en ontwikkel kan word

Die drie komponente van leesvlotheid:

1 **Akkuraatheid:** Leerders moet woorde vinnig en korrek dekodeer en herken.

2 **Spoed:** Leerders moet teen 'n goeie tempo (geskik vir die ouderdom/graadvlak) en nie stadig en woord vir woord lees nie. Die dekodering van woorde moet outomaties gebeur sodat die geheue plek kan maak vir begrip.

3 **Prosodie (intonasie en uitdrukking):** Leerders moet met gevoel en op 'n natuurlike wyse lees en die teks op 'n geskikte manier saamvat en op die toepaslike plekke rus.

Begrip is die sleutel tot vlotheid. Aktiwiteite vir mondelinge leesvlotheid moet akkurate, vloeiende leeswerk aanmoedig wat natuurlik klink, soos gesproke taal. Lesers kan slegs "natuurlik klink" as hulle verstaan wat hulle lees. Leerders wat "vir teks blaf" (d.w.s. vinnig dekodeer sonder om te verstaan wat gelees word) skenk nie aandag aan akkuraatheid en intonasie nie.

VIDEO

Kyk nou na video 106, 113 en 115: What is ORF? Deel 1, 2 en 3 na mekaar:

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Hoe het die eerste leerder gelees?
2. Wat het jy opgemerk oor die manier waarop die leerder gelees het?
3. Hoe het die tweede leerder gelees en wat het jy opgemerk oor hoe sy gelees het?
4. Hoe het die onderwyser die leerder gehelp om haar vaardighede in vlotheid te ontwikkel? Wat het sy haar herhaaldelik gevra om te doen?
5. Wat doen die onderwyser nadat die hele groep klaar gelees het? Hoekom is dit belangrik?
6. Watter strategieë deel die onderwyser met haar kollegas wat hulle kan gebruik as 'n leerder met lees sukkel?

4 mins

WATCH NOW

VIDEO

5 mins

KYK NOU



2 mins

KYK NOU

Die onderrig van leesvlotheid

1. Modelleer vlot/vloeiende lees tydens hardop lees en gedeelde lees.
2. Vestig veral leerders se aandag op hoe dit klink om met spoed, akkuraatheid en intonasie te lees.
3. Vestig veral leerders se aandag op hoe hulle op leestekens moet reageer deur te rus (kommas), stemtoon te verhef (vraagtekens), volume by te voeg (vetdruk of uitroeptekens) of kortliks by punte te stop.
4. Moedig leerders aan om vinnig te lees en nie lettergrepe te oordryf nie.
5. Vra die leerders om sekere gedeeltes weer te lees (vinniger en met intonasie).
6. Ask learners to read sections again (more quickly and with intonation).
7. Moedig leerders aan om te lees soos hulle van nature sou praat.
8. Prys en moedig leerders mildelik aan.

Wat onderwysers kan doen om elke aspek van mondelinge leesvlotheid te bevorder

1. Om akkuraatheid te bevorder, kan jy sê:

a) Het dit sin gemaak?
b) Stadig oor die klippe.
c) Kyk mooi na die woorde.
d) Lees daardie sin weer.

2. Om spoed te bevorder, kan jy sê:

a) Lees stadiger wanneer die teks onbekend is.
b) Lees vinniger wanneer die teks makliker is.
c) Lees daardie sin weer, hierdie keer vinniger.

3. Om prosodie en uitdrukking te bevorder, kan jy sê:

a) Probeer om drie of meer woorde saam lees sonder om te rus.
b) Skep asem en probeer om die komma of leesteken aan die einde van die sin te lees sonder om te stop om nog 'n keer asem te skep.
c) Lees asof jy met iemand praat.
d) Wat sê hierdie leesteken vir jou om te doen?

QUIZ

Gaan jou begrip na: Kies die regte woord

herlees – lettergrepe – individuele – prosodie – akkuraatheid

1. Die drie komponente van mondelinge leesvlotheid is spoed, prosodie en _____ .
2. Mondelinge leesvlotheid moet op 'n _____ grondslag gemonitor word.
3. Die onderwyser kan die leser vra om die sin (of frase) te _____ om hom/haar aan te moedig om vlotter te lees.
4. Die onderwyser moet leerders aanmoedig om nie _____te oordryf wanneer hulle lees nie.
5. Wanneer die onderwyser die leerders herinner om hul leeswerk volgens die leestekens aan te pas, ondersteun die onderwyser _____ .

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Bestee ek genoeg tyd in die klas aan die eksplisiete ontwikkeling van mondelinge leesvlotheid?
2. Lees ek gereeld 'n interessante teks hardop vir die leerders waartydens ek vloeiende lees modelleer?

Antwoorde

Well done, you have completed Lesson 9

Les 10: Letter-klank-kennis en klankleer

60 mins

Welkom terug.

Ons het gepraat oor hoe belangrik dit is dat leerders klanke moet kan identifiseer en manipuleer. Vlotheid word gemeet aan die hand van hoeveel woorde in ’n minuut korrek gelees word (aantal woorde per minuut). Leerders wat nie vlot kan lees nie, lees stadig, woord vir woord, met baie pouses en onakkuraathede. Hulle knik dikwels op elke lettergreep of woord.

Namate hulle ouer word, lees leerders al hoe vinniger. Daar is gewoonlik groot vordering in mondelinge leesvlotheid tussen Graad 1 en Graad 2, en daarna is die vordering stadiger en bestendiger.

Wat jy in hierdie les sal leer

- Hoe mondelinge leesvlotheid gemeet word
- Wanneer om assesserings vir mondelinge leesvlotheid te doen
- Hoe om assesserings vir mondelinge leesvlotheid te doen
- Hoe om rekords van die uitslae vir mondelinge leesvlotheid by te hou

Hoe word mondelinge leesvlotheid gemeet?

Formele assesserings vir mondelinge leesvlotheid vind gewoonlik aan die begin van die jaar plaas en verkieslik weer halfpad deur die jaar. Onderwysers moet die uitslae van mondelinge leesvlotheid vir elke leerder aanteken om ’n basislyn te hê om vordering te bepaal.

VIDEO

Kyk na video 108: Assessing ORF

6 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor:

1. Waarom is dit belangrik dat kinders vloeiend en teen ’n redelike tempo moet lees?
2. Hoe help die onderwyser leerders om vlot te lees?
3. Wat doen die onderwyser om leerders se mondelinge leesvlotheid te

Watter instrument word gebruik om mondelinge leesvlotheid te meet?

Hieronder is ’n voorbeeld van ’n meetinstrument vir leesvlotheid. Die onderwyser het ’n kort teks uit ’n gegradeerde leesboek van die vorige jaar geneem en die teks oorgetik in ’n tabel met ’n woordtelling aan die einde van elke sin. Dit vergemaklik ’n vinnige woordtelling aan die einde van elke assessering. Die onderwyser maak ’n meesterkopie wat sy op haar lessenaar plaas vir elke leerder om te lees. Sy maak dan ’n afskrif van die teks vir elke leerder. Sy gebruik hierdie afskrif om die assessering na te sien en rekords by te hou.

Die onderwyser roep ’n leerder na haar lessenaar en vra hom/haar om die teks van die meesterkopie vir een minuut te lees. Terwyl die leerder lees, merk die onderwyser watter woorde hy/sy verkeerd gelees of weggelaat het. Die leerder hou ná ’n minuut op met lees en die onderwyser kan vinnig bereken hoeveel woorde die leerder reg gelees het.

Kyk na die voorbeeld hier onder:

Ukufunda ngotyibiliko nengqiqo

- Yalela umfundi afunde ibali ngokukhwaza.
- Krwela umgca phantsi kwegama ngalinye angalifundanga kakuhle umfundi.
- Yima emva komzuzu ubale amagama umfundi awafunde ngokuchanekileyo.
- Buza imibuzo yengqiqo. Imibuzo mayiphelele apho umfundi afunde waphelela khona.
- Korekisha ukuba umfundi uphendule umbuzo ngokuchanekileyo.

Mondelinge leesvlotheid en begrip

- Vra die leerder om die storie hardop te lees.
- Onderstreep enige woorde wat die leerder verkeerd lees.
- Stop na een minuut en teken die aantal woorde aan wat reg gelees is. Dit is die telling vir mondelinge leesvlotheid.
- Vra dan die begripsvrae. Vra slegs vrae tot waar die leerder ophou lees het.
- Gee 'n regmerk as die leerder reg antwoord.

UJabu nenja yakhe	3
UJabu wayenenja encinane.	8
Ngenye imini uJabu nenja yakhe	12
bayakudlala kwibala elalisemva kwendlu.	17
Injana yabona umvundla yazama ukuwuleqa.	19
Yalahleka inja.	24
Wabangayibiza uJabu kodwa ayizange ibuye.	31
UJabu wabonakala eneenyembezi emehlweni akhe waza wagoduka.	37
Kodwa kwathi phambi kwangorhatya yabuya injana.	45
Yayidiniwe, ilambile. Wavuya kakhulu uJabu akumbona umhlobo wakhe.	51
UJabu wa yinika ukutya namanzi inja.	56
uJabu nenja yakhe baya kulala.	
Beka uphawu ( ) ukuba umsebenzi khange ugqitywe ngenxa yokuba umfundi engakhange akwazi ukufunda.	
Inani lamagama afundwe ngomzuzu omnye.	
Inani lamagama afundwe ngokuphosisekileyo	
Inani lamagama ewonke nafundwe ngokuchanekileyo	/56
Ukuba umsebenzi ugqitywe ngaphantsi komzuzu omnye, bhala inani lemizuzwana.	

Wanneer die onderwyser al die leerders geassesseer het, word die uitslae in 'n lêer of rekordboek aangeteken. Hierdie uitslae sal nuttig wees om te besluit hoe om leerders in groepe vir groepbegeleide lees te plaas.

VRAE

Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Elke leerder se mondelinge leesvlotheid word aan die begin van die jaar en weer teen die middel van die jaar geassesseer. Waar of onwaar?
2. Die assessering vir mondelinge leesvlotheid hoef nie 'n tydsbeperking te hê nie. Waar of onwaar?
3. Die assessering vir mondelinge leesvlotheid bepaal slegs leesspoed. Waar of onwaar?
4. Die uitslae van die mondelinge leesvlotheid is nuttig om groepe vir groepbegeleide lees in te deel. Waar of onwaar?

Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Watter voorbereiding moet ek doen om seker te maak dat ek elke leerder se mondelinge leesvlotheid minstens een keer 'n jaar kan assesseer?
2. Hoe sal my onderrig bevoordeel word as ek rekords hou van die uitslae van die assessering van mondelinge leesvlotheid?

Antwoorde

Well done, you have completed Lesson 10!
This is the end of Part 1 of the Module, on Decoding.
In Part 2, we will look at Comprehension.

Antwoorde op vrae in lesse

Les 1
1. Waar. Die onderwyser moet bewustelik al drie aspekte van lees onderrig.
2. Onwaar. 'n Onderwyser sal voortgaan om ingewikkelder klanke in Graad 3 te onderrig, en sal ook die eenvoudiger klanke wat in vorige grade aangeleer is, aanhou versterk. (En as daar leerders in Graad 3 is wat nie enige klankkennis het nie, sal 'n onderwyser natuurlik met hierdie leerders van voor af met eenvoudige letterklanke begin.)
3. Waar. Om stories te lees en die betekenis te bespreek, is een van die doeltreffendste maniere om begrip te ontwikkel.

Les 2
1. a) Die onderwyser wil hê Zintle moet hoor dat haar naam twee lettergrepe (twee slae) het.
2. b) Klankleer behels spesifiek dat leerders geleer word watter letter watter klank maak.
3. c) Vlotheid behels leesspoed, akkurate lees en intonasie (uitdrukking) tydens lees.

Les 3
a) Waar. Fonologiese bewustheid beteken dat iemand bewus raak van die klankstelsel van 'n taal.
b) Waar. Fonemiese bewustheid maak deel uit van fonologiese bewustheid.
c) Onwaar. Fonemiese bewustheid is om die klanke in woorde te manipuleer of om daarmee rond te speel.
d) Onwaar. Fonologiese bewustheid is 'n fokus in Graad R en Graad 1. Teen Graad 3 behoort slegs remediërende hulp nodig te wees.
e) Waar. Ons moet die klanke in woorde kan onderskei om die woorde te kan neerskryf en lees.

Les 4
1. d) Zintle se naam is in lettergrepe gesegmenteer (vorming van lettergrepe).
2. c) Isolasie van 'n klank in 'n woord (aSanda, aYanda ...).
3. b) Plaasvervanging (of vervanging) (Bala na Lala).
4. a) Identifisering van woorde in 'n sin.

Les 5
1. Waar. Klankleer verwys wel na die onderrig van letter-klank-verhoudings.
2. Waar. Klankleer leer leerders om die gedrukte letter/lettergreep/woord te sien, terwyl fonologiese bewustheid leerders help om die klanke te hoor.
3. Waar. Selfs as verskillende tale verskillende klankstelsels het, moet dit doelgerig en op 'n doelbewuste en georganiseerde wyse onderrig word.

Les 6
1. Waar. Die onderwyser kan dieselfde paar letters gebruik om aan leerders te wys wat gebeur as sy die letters bymekaarbring om 'n lettergreep te vorm en wanneer sy 'n lettergreep in letters afbreek .
2. Onwaar. As die onderwyser altyd dieselfde volgorde vir letters en lettergrepe gebruik, sal die leerders die volgorde soos 'n papegaai leer. Om te sorg dat hulle die klanke van letters en lettergrepe herken, moet die onderwyser die volgorde waarin sy dit aanbied, afwissel.

3. Waar. Die onderwyser moet die leerders die regte terminologie leer (die metataal) sodat leerders bewus is van wat hulle doen om sin van gedrukte woorde te maak.
4. Waar. Samevoeging en segmentering is 'n uiters belangrike aspek van hoe om te leer om te lees.

Less 7
1. Sowel b) as c). Die onderwyser gebruik die alfabet-fries en individuele letterkaarte om begrip te monitor.
2. c) Die onderwyser wys lukraak na letters om seker te maak dat leerders nie die volgorde van letters bloot memoriseer nie.

Les 8
1. b) Woordlees verwys daarna om woorde vinnig en akkuraat te herken en te lees.
2. b) Vinnige woordlees verbeter mondelinge leesvlotheid.
3. b) 'n Hoë-frekwensie-woord is 'n woord wat dikwels in tekste gebruik word. (Baie hoë-frekwensie-woorde in Engels is ook sigwoorde.)
4. b) Sight Words are words that can be recognised without sounding out every phoneme.

Les 9
1. b) Woordlees verwys daarna om woorde vinnig en akkuraat te herken en te lees.
2. b) Vinnige woordlees verbeter mondelinge leesvlotheid.
3. b) 'n Hoë-frekwensie-woord is 'n woord wat dikwels in tekste gebruik word. (Baie hoë-frekwensie-woorde in Engels is ook sigwoorde.)
4. b) Sigwoorde is woorde wat herken kan word sonder dat elke foneem geklank word.

Les 10
1. Waar. Dit is ideaal om mondelinge leesvlotheid aan die begin van die jaar te evalueer om 'n basislyn te kry, en dan weer rondom die middel van die jaar om vordering te bepaal en probleemareas te identifiseer.
2. Onwaar. Die assessering van mondelinge leesvlotheid het 'n tydsbeperking. Die onderwyser wil uitvind of die leerder binne 'n gegewe tyd vinnig en akkuraat kan lees.
3. Onwaar. Die assessering van mondelinge leesvlotheid bepaal spoed en akkuraatheid.
4. Waar. Die assessering van leerders se mondelinge leesvlotheid gee 'n akkurate idee van hoe goed hulle lees. Die uitslae kan dan gebruik word om leerders met soortgelyke vermoëns in dieselfde groep vir groepbegeleide lees te plaas.

creative commons
CC-BY- 4.0

For more information, and to access all of our resources visit **fundawande.org**

9 781990 952685